

## WAWIELKRAAL VERGEMAKLIK BESTUUR, VERMINDER STRES

### PLAASINLIGTING

### LIGGING

Adelaide

### NAAM

Whyte Bank Farm en Linton

### GROOTTE

6 050 hektaar

### EIENAARSKAP

Vennootskap

### VERTAKKINGS

Wolskape, beeste en Boerbokke

### GRONDTIPES

Griffon, Oakleaf, Glen Rosa, Sterkspruit

### VELDTIPE

Montane, grasveld, doringveld

### GEMIDDELDE REËNVAL

600 mm tot 700 mm per jaar

### KORTOM

- Dié boer wou 'n voerkraal oprig wat met die minimum werkers bestuur kon word. Gronddamme naby die plaasopstal wat platgestoot is, was ideaal.
- Die wawielontwerp verminder stres en diere het goeie toegang tot voer.
- Die plan betaal homself danksy minder vrektes en minder arbeid.

*'n Voerkraal waarin hamellammers afgerond word, skeep lekker waarde en verminder risiko op die plaas. Nadat mnr. Richard Morgan sowat 500 lammers en ooie ná 'n onverwagte koue verloor het, het die voerkraal ook die antwoord vir tweelinglammerooie geword.*

Die wenner in die Jongboer van die Jaar-kompetisie vir 2012, mnr. Richard Morgan (35) van Whyte Bank, Adelaide, was nog altyd iemand wat buite die kassie dink.

Die prys van speenlammers het byvoorbeeld 'n paar jaar gelede die hoogte ingeskiet.

Hy wou sy produksiestelsel verander om sy hamelboerdery af te skaal en net met ooie te boer. Dus was die oprig van 'n voerkraal op sy plaas die aangewese roete. Maar nie sommer enige voerkraal nie. Dit moes met die minimum aantal werkers bestuur kon word en naby die plaasopstal wees waar die rantsoene voorberei kon word. “Destyds het ek nog die hamels in verskeie kampies afgerond wat oor die plaas heen versprei was. Uit 'n bestuurshoek het ek besef dit sou makliker wees om die diere op 'n sentrale punt af te rond. Daar was toevallig twee uitgediende gronddamme naby die huis wat ek met 'n stootskrapeer platgestoot het.

“Omdat ek al heelwat gelees het oor die wawielkampstelsel wat veral aan die ouer boere bekend is, was dit iets wat in my agterkop vasgesteek het. Op 'n boeredag wat deur dr. Jasper Coetzee van Voermol toegesprek is, het hy gepraat oor die faktore wat by die ontwerp van 'n voerkraal in gedagte gehou moet word. Dus het ek besluit om die riglyne in my stelsel te inkorporeer. Dit het onder meer die ruimte wat elke skaap benodig, die voerspasie en die voorsiening van skoon drinkwater ingesluit.”

## **10 SEKSIES, 100 LAMMERS ELK**

Die voerkraal wat Morgan opgerig het, bestaan uit 10 seksies waarin 100 lammers elk geplaas kan word. Dit beteken dat 1 000 lammers op 'n slag afgerond kan word. 'n Aaneenlopende voerbak wat uit skadunet geprakseer is, loop al langs die buiterand van die kraal. Dit vergemaklik die voorsiening van rantsoene met behulp van 'n voerwa. Kos word twee keer per dag aan die skape voorsien. Die feit dat daar vir elke skaap 300 mm voerspasie toegelaat word, verseker dat die diere genoeg vreet en dat die vee mekaar nie by die voerbakke verdring nie.

Die watertoevloei is geoutomatiseer. Elke waterbak het egter 'n 50 mm-dreineringspyp sodat dit daaglik skoongemaak kan word. Die speke van die wawielontwerp dien ook as 'n drukgang sodat die skape maklik gevang kan word wanneer hulle geweeg word. Die ontwerp van die baalhouers vir die ruvoer verseker dat voerverliese tot 'n minimum beperk word, aangesien 'n veermeganisme die voerbaal vorentoe druk namate die diere die voer vreet. Aangesien die skape korter nekke as beeste het, kan hulle die voer maklik bykom. Nog 'n voordeel is dat hulle nie op die bale urineer en mis nie. Die dak sorg ook dat die bale in reënweer droog bly. Morgan het die ontwerp van die baalhouers op 'n Australiese webwerf gesien en dit by 'n maatskappy in Cradock vir hom laat maak. Die houers het sowat R2 500 gekos om te maak.

## **VERMINDER STRES**

Wanneer die lammers in die voerkraal gesit word, kry hulle vir die eerste twee weke vrye toegang tot ruvoer. Die inname van die proteïen-voerrantsoen word egter gereguleer. “Die wawielontwerp is 'n wenner, aangesien dit stres by die diere verminder en daar verseker word dat elkeen gelykmatige toegang tot die rantsoene het. Skoon drinkwater en die hoë gehalte voer wat verskaf word, verseker die optimale groei van die lammers terwyl hulle in die stelsel is.”

## **MEERLINGE**

Morgan gebruik ook die krale vir ooie met meerlinge en plaas 20 ooie met hul lammers in elke seksie. Die ooie wat vooraf geskandeer word en meerlinge gaan hê, word drie weke voor hulle lam aan die rantsoen in die voerkraal blootgestel. Sodra die ooi gelam het, word sy en haar lammers vir 3 dae tot 4 dae in 'n kleiner hokkie gesit voor hulle op

aangeplante weiding oorgeplaas word. Sedert hy die stelsel in bedryf gestel het, het vrektes by lammers skerp afgeneem.

## **KOSTE**

Morgan sê die koste om die stelsel op te rig is dubbel en dwars terugbetaal weens die minder vrektes én minder arbeid wat nodig is om die diere daarin aan te hou. “Die voerkraal verseker groter waardetoevoeging, veral as ’n mens jou eie mielies en lusern produseer. Ongelukkig het die hoë mielieprys en laer lamsvleispryse verlede seisoen nie die koste van afronding geregverdig nie. Ek moes noodgewonge toe maar die speenlammers op die weiding met ’n goeie lek afrond.”

Morgan sê omdat hy al die materiaal waarmee die voerkraal opgerig is, op die plaas beskikbaar gehad het, het hy nie regtig gaan sit om uit te werk wat die koste daarvan was nie. Aangesien hy en sy vennoot, mnr. Adrian Meyer, intussen ook Boerbokke aangeskaf het om bosindringing op hul plase te bekamp, beplan hy om die kraal ook te gebruik wanneer die bokke gaan lam.

NAVRAE: Tel. 046 684 0793 of e-pos: [richard@meyermorganfarms.com](mailto:richard@meyermorganfarms.com).